
# SW ~ GEOGRAFIE

## Graad 6 ~ Kwartaal 1

## Kaartvaardighede

### Breedtegraad en lengtegraad op 'n aardbol

Daar is lyne oor die aardbolle en kaarte in 'n atlas getrek. Hierdie lyne kom nie op die grond voor nie. Dit is denkbeeldige lyne. Hulle help ons om te sien waar plekke in die wêreld is.




Twee belangrike lyne op kaart is:
1. Die **ewenaar**
2. Die **Greenwich-meridiaan**

Die ewenaar verdeel die aarde in noord en suid.
Dir Greenwich-meridiaan verdeel aarde in oos en wes.

Lyne wat die posisie van 'n plek tussen die ewenaar en die Noord- of Suidpool aandui, word 'n **breedtegraad** genoem. Hierdie posisie word gemeet in grade noord of suid.

**Lengtegrade** strek om die aarde van die Noordpool tot by die Suidpool. Hierdie lyne dui die posisie van 'n plek oos of wes van die Greenwich-merdiaan aan. Hierdie posisie word gemeet in grade oos of wes.

Jy kan nie al die kante van die wêreld tegelyk sien nie omdat dit 'n ronde vorm het.

 ©My A Plus (2024)